

Speelgoed op 'n ry

Dit sal vir elke kind moeilik wees om net een van dié oulike karaktertjies te kies. Moontlik is daar 'n ouma of groot tante met baie tyd tot haar beskikking, wat omgepraat kan word om sommer 'n paar van hulle te brei. Blaai na bl. 84, waar die patrone vir die brei van die speelgoed is



Speelgoed op 'n ry

VAN BLADSY 82

DIE speelgoed verteenwoordig omtrent elke kind se belangstelling, of dit nou sport, sprokies of wat ook al is. Hulle is maklik om te brei, maar die afwerking sal 'n bietjie meer tyd in beslag neem. Ons gee eers die patroon vir die basiese pop-onderdele, wat by al die poppe min of meer dieselfde is. Die kenmerkende onderdele word dan afsonderlik gegee. Waar die aanwysings „soos uiteengesit” sê, word verwys na die aanwysings op hierdie bladsy.

BENODIGDHEDE: Nortex Fantasy-dub-beldraadbreigaring, (100-g-uittrekstringe), in gekose kleure; vilt, galon, lint; paar breinaalde van 3 mm; kapok om speelgoed op te stop.

SPANNING EN MATE: 19 steke en 32 rye = 10 x 10 cm oor ks met 3-mm-breinaalde; die poppies is ongeveer 27,5 cm lank.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); ks - koussteek (een ry regs, een ry aweregs); oks - omgekeerde koussteek (die aweregskant is regte kant van werk); tes - tesame; vermeer - vermeerder (deur twee keer in volgende steek te brei); vlg - volgende; rs - reksteek; rg - regsgewys; beg - begin; herh - herhaal; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante.

HOOFDEEL word by enkels begin en kleure word vasgeheg en afgeknip soos

uiteengesit waar van toepassing. Stel die benodigde aantal steke op (meestal 50 ste). **Begin** met 'n r-ry, brei ks, soveel rye soos uiteengesit.

Vermin-ry: r6, vermin, r4, vermin, r12, vermin, r4, vermin, r6 - 36 ste.

Brei 5 rye ks.

Vermeer-ry: r6, vermeer, r4, vermeer, r12, vermeer, r4, vermeer, r6 - 40 ste.

Brei 25 rye ks.

Vlg (vermin) ry: r2tes tot einde - 20 ste. Knip garing af, laat 'n stuk en ryg dit deur oorbl ste; laat tot later.

ARMS: Begin aan bokant. Stel 16 ste op en brei ongeveer 26 rye vir arm met mou, dan 8 rye van 'n ander kleur vir hand.

Vermin-ry: r2tes tot einde - 8 ste. Knip garing af, laat 'n stuk en ryg deur oorbl ste, trek goed vas en werk af.

SKOENE: Stel 10 ste op en brei 6 rye ks. Vermeer 1 st aan weersk van vlg ry - 12 ste.

Brei 13 rye ks, vermin in vlg ry 1 st aan weersk. Vermin daarna in daaropvlg 6e ry 1 st aan weersk - 8 ste.

Brei nog 5 rye ks en heg af.

HOOFTOOISEL: Stel 50 ste op en brei 26 rye ks.

**** 1e vermin-ry:** (r3, r2tes) tot einde - 40 ste.

Vlg ry: Deurgaans aw.

2e vermin-ry: (r2, r2tes) tot einde - 30 ste.

Vlg ry: Deurgaans aw.

3e vermin-ry: (r1, r2tes) tot einde - 20 ste.

Vlg ry: Deurgaans aw.

4e vermin-ry: r2tes tot einde - 10 ste. Knip garing af maar laat 'n stuk om deur oorbl ste te ryg, trek goed vas, werk naat toe en werk af.

AFWERKING: Werk agternaat van pop aan VK toe en dop na RK om. Steek naald vanaf onderkant van agternaat deur om aan voorkant tussen 20e en 21e steek uit te kom, stik met fyn steke 7 cm deur albei diktes, om bene af te merk.

Stop lyf op deur kop-opening en bene deur opening by „enkels”. Trek bokant van kop toe met draad wat aan bokant gelaat is en werk af. Vorm hals deur 'n stuk garing van dieselfde kleur as kop 'n paar keer om onderkant van kop te draai en vas te bind.

Werk opstel- en afhegrande van skoene aan VK aan mekaar, rond hoeke af maar laat 'n opening, dop na RK om. Stop goed op. Werk opening toe en werk skoentjies aan onderkant van bene vas. Stop arms op, werk bokant toe en werk arms 1,5 cm vanaf hals aan lyf vas.

„Hare” word uiteengesit waar van toepassing.

ROOIKAPPIE

LYF EN BENE: Soos uiteengesit in aanwysings vir hoofdeel, maar brei 35 rye wit, 20 rye turkoois en 28 rye pienk.

ARMS: Soos uiteengesit, maar brei 26 rye turkoois en 8 rye pienk.

NA BLADSY 128

Maak nou u vloere skoon en blink in een maklike stap.

Wend revolusionêre nuwe One Step net so uit die bottel aan, spreid dit met 'n klam poetsbesem of lap, en siedaart! Dit haal die vuilheid uit en droog vanself tot 'n duursame skitterglans - alles in een maklike stap, sonder 'n harde gevryf of geskrop.

Probeur nuwe One Step-vloersorg. Die maklike nuwe manier om u vloere mooi te hou.

Maak vloere skoon en blink tegelyk.
Johnson wax



Speelgoed op 'n ry

VAN BLADSY 84

SKOENE: Soos uiteengesit, met rooi.

ROMP: Met turkoois, stel 60 ste op en r 1 ry.

Vlg 20 rye: ks, begin met 'n r-ry.

Vermin-ry: (r1, r2tes) tot einde — 40 ste. Heg af.

KAPMANTEL: Met rooi, stel 50 ste op en r 1 ry.

Vlg 13 rye: ks, begin met 'n r-ry.

Vermin-ry: (aw3, aw2tes) tot einde — 40 ste. Heg af.

KAP: Met rooi, stel 50 ste op en brei 7 rye ks vir rand.

Vlg 20 rye: ks, begin met 'n r-ry.

Brei voort soos uiteengesit vir hooftooisel van ** tot **. Ryg garing deur oorbl ste en trek goed vas, werk naat vir 3 cm toe. Werk garing af.

AFWERKING: Soos uiteengesit.

HARE: Knip 24 stukke geel dubbelbreigaring, elk 30 cm lank, en bind dit as 'n bondel in middel van draadlengtes vas, met 'n afsonderlike draad. Werk bondel by binddraad aan voorkop, waar haarlyn moet begin, vas, en trek garingdrade na agter om hare te vorm, soos op foto gesien kan word. Werk kap aan afhegrand van mantel vas, vou eerste 7 rye van kap na regte kant om. Werk kapmantel aan pop vas en werk met rooi lint af. Werk galon om middeltjie van pop vas, en wit kantgalon op skoentjies; werk koningsblou kartelband op soom van

romp en moutjies vas. Knip oë uit swart vilt, neus uit rooi vilt en borduur mond met 'n paar stekies rooi garing.

PADVINDSTERTJIE

Die romp word eerste gebrei.

ROMP: Met roesbruin, stel 50 ste op. Brei 1 ry r, beg daarna met nog 'n r-ry en brei 13 rye ks.

Vermin-ry: (aw3, aw2tes) tot einde — 40 ste. Plaas dié ste op 'n reserwenaald.

SAKKE (2): Met roesbruin stel 7 ste op en brei 7 rye ks. Heg regsgewys af.

LYF: Soos uiteengesit, maar brei 6 rye roesbruin, 20 rye pienk en 8 rye donkerbruin.

Vlg ry: Brei romp aan lyf vas soos volg: Met donkerbruin, r 1e st van romp tes met 1e st van lyf, (r vlg st van romp tes met vlg st van lyf) tot einde — 40 ste.

Brei 3 rye ks met donkerbruin. Voltooi lyf soos uiteengesit, brei nog 16 rye roesbruin en 28 rye pienk.

KRAAG: Met roesbruin, stel 30 ste op, r 1 ry, brei dan 4 rye ks, beg met 'n r-ry. Heg af.

ARMS: Soos uiteengesit, met 26 rye roesbruin en 8 rye pienk.

SKOENE: Met donkerbruin, soos uiteengesit.

MUS: Soos vir mus van Rooikappie, maar gebruik donkerbruin.

AFWERKING: Werk lyf, arms en skoene af en gebruik stukkies swart vilt vir oë, rooi vilt vir neus. Borduur 'n paar stekies met rooi om mond voor te stel, en kleur wange met kleurpotlood. Werk soom van romp en mus af en vou rand van mus na regte kant om.

Gaan vir hare te werk soos Rooikappie s'n, maar vleg breigaring aan weerskante van kop. Werk mus en sakke in posisie vas. Knip 2 stukkies geel vilt vir das en 'n bruine om kenteken op te borduur. Borduur gespe op seintuur, en motief op das en kenteken, soos op foto gesien kan word. Werk kraag in posisie vas, ruim volligheid in.

ROBIN HOOD

HOOFDEEL: Met donkergroen, stel 40 ste op en r 1 ry. Heg kleure vas en knip hulle af soos benodig, beg met 'n r-ry, brei 26 rye ks met donkergroen, 6 rye met liggroen, 4 rye roeskleur en 14 rye liggroen.

Vermin-ry: Met liggroen, r6, vermin, r4, vermin, r12, vermin, r4, vermin, r6 — 36 ste. Brei 3 rye ks met liggroen en 2 rye pienk.


Vermin-ry: Met pienk, r6, vermeer, r4, vermeer, r12, vermeer, r4, vermeer, r6 — 40 ste. Brei 25 rye ks met pienk.

Vlg (vermin) ry: Met pienk, (r2tes) tot einde — 20 ste. Knip garing af maar laat lang stuk, ryg deur oorbl ste en laat eenkant.

ARMS (2): Beg aan bokant van arm, stel 16 ste op met liggroen. Brei 26 rye ks met liggroen en 8 rye met pienk.

Vermin-ry: (r2tes) tot einde — 8 ste. Knip

Met Knorr hoef jy nie skies-tog



garing af, laat 'n lang stuk om deur oorbl ste te ryg, ryg dit deur, trek goed vas en werk netjies af. Werk naat toe.

SKOENE (2): Met bruin, stel 10 ste op en brei 6 rye ks. Vermeer 1 st aan weersk van vlg ry — 12 ste.

Brei 13 rye ks, vermin daarna 1 st aan weersk van vlg ry en daaropvlg 6e ry — 8 ste. Brei nog 5 rye ks en heg af.

HOED: Met donkergroen, stel 50 ste op en beg met 'n aw-ry, brei 7 rye oks. Met liggroen, brei 14 rye ks, beg met 'n aw-ry. Heg af.

AFWERKING: Werk lyf, arms en bene af soos uiteengesit. Vir hare, knip 'n stuk karton van 2 x 26 cm en draai garing om karton tot goed bedek. Met naaimasjien stik deur middel van lengte van karton, skeur daarna karton uit en stik krulle rondom kop vas.

Werk nate van hoed bo en agter toe, werk effens rond agter. Steek 'n veertjie in hoedrand, indien beskikbaar. Werk hoed aan kop vas. Knip 'n gespe uit vilt en plak voor op bruin streep vas. Werk swart kartelband in posisie vas, soos op foto. Knip oë en neus uit vilt, en borduur mond. Kleur wange met rooi kleurpotlood of waskryt in.

SOKKERSPELER

HOOFDEEL: Soos uiteengesit, maar met 9 rye blou, 2 rye wit, 2 rye blou, 22 rye pienk, 17 rye blou, 3 rye wit en 28 rye pienk.

ARMS (2): Soos uiteengesit, maar met 24

rye blou, 2 rye wit, 8 rye pienk.

SKOENE: Soos uiteengesit, met swart.

KORT BROEK: Met wit, stel 50 ste op en r 1 ry. Beg met 'n r-ry, brei 13 rye ks.

Vermin-ry: (aw3, aw2tes) tot einde — 40 rye. Heg af.

AFWERKING: Lyf, arms, skoene en gesig soos uiteengesit. Werk agternaat van broek toe, en werk afhegrand aan eerste blou ry van lyf vas. Vangsteek broek se opstelrand aan middelagternaat, dwarsdeur lyf, vas (raadpleeg foto). Maak hare soos Robin Hood s'n, maar voeg krulle by om kroontjie van kop ook te bedek.

KERSVADER

HOOFDEEL: Soos uiteengesit, maar met 9 rye swart ks, 4 rye wit rs, met rooi 12 rye ks, weer 4 rye wit rs, 4 rye rooi ks, 4 rye groen, 18 rye rooi, 28 rye pienk.

ARMS: Soos uiteengesit, maar 22 rye rooi ks, 4 rye wit rs, 8 rye pienk ks.

SKOENE: Soos uiteengesit, met swart.

MUS: Met wit, stel 50 ste op en brei 7 rye ks, beg met 'n aw-ry. Slaan oor na rooi, beg met 'n r-ry en brei 12 rye ks.

1e vermin-ry: (r3, r2tes) tot einde — 40 ste.

Vlg ry: Deurgaans aw.

2e vermin-ry: (r2, r2tes) tot einde — 30 ste.

Vlg ry: Deurgaans aw.

3e vermin-ry: (r1, r2tes) tot einde — 20 ste.

Vlg ry: Deurgaans aw.

4e vermin-ry: (r2tes) tot einde — 10 ste. Knip garing af, laat 'n lang stuk en ryg dit deur oorbl ste. Trek goed vas, werk naat toe en werk netjies af.

Maak 'n klein, rooi pompon en werk aan bopunt van mus vas.

BAARD: Met wit, stel 30 ste op en brei rs, vermin 1 st aan weersk van vlg ry en daaropvlg 13 alt rye — 2 ste bly oor. Neem die 2 ste tes en heg af.

AFWERKING: Lyf, arms en skoene asook gesig soos uiteengesit.

Knip 'n gespe van blou vilt en lym voor op groen streep vas.

Borsel baard met 'n wolkam en werk aan ken vas. Werk mus aan kop vas, en stik 'n paar wit lusse om hare voor te stel aan voorkant van kop tussen kop en mus vas.

ASPOESTERTJIE

HOOFDEEL: Soos uiteengesit, maar brei 27 rye pienk, 12 rye wit, 16 rye geel en weer 28 rye pienk.

ARMS: Soos uiteengesit, maar brei 26 rye geel en 8 rye pienk.

SKOENE: Soos uiteengesit, maar met vloot-blou.

MUS: Met wit, stel 100 ste op en brei 4 rye rs.

Vermin-ry: (r2tes) tot einde — 50 ste. Beg met 'n r-ry en brei 2-rye ks.

Vorm boonste deel van mus soos uiteengesit vir mus van Kersvader. Knip garing af maar laat 'n lang stuk en ryg dit deur oorbl 10

NA BLADSY 164

-vir-die-sous te sê nie.



Die probleem met 'n sous is dat mens dit moet maak terwyl alles nog dopgehou moet word. En die gevolg is dat selfs voorslag-kokke 'n manjifieke maaltyd van vleis en groente voorberei — met 'n somer-so sous daarby.

Nou sorg Knorr se Bruin Uiesous dat alles perfek is. Dis gou en maklik om te maak. het net die regte dikte. is lieflik glad en het 'n perfekte smaak. Elke keer.



Die smaakmakers

Knorr

Speelgoed op 'n ry

VAN BLADSY 129

ste, trek goed vas, werk agternaat toe en werk netjies af.

ROMP: Met blou, stel 60 ste op en r 1 ry. Beg met 'n r-ry en brei 32 rye ks.

Verm-in-ry: (r1, r2tes) tot einde — 40 ste. Heg af en werk agternaat toe.

OPNAAISELS (in 3 verskillende kleure): Stel 6 ste op en brei 6 rye rs. Heg af, en werk aan voorkant van romp vas.

BORSSTUK: Met blou, stel 12 ste op en r 1 ry. Beg met 'n r-ry, brei nog 10 rye ks en heg af, werk daarna opstelrand afhegrand van borsstuk aan middelvoorste deel van afhegrand van romp.

AFWERKING: Hoofdeel, arms, skoene en gesig soos uiteengesit.

HARE: Soos hare vir Rooikappie, maar vleg aan weerskante van kop, en vangsteek in posisie vas.

Stop bokant van mus op, werk mus en romp aan hoofdeel vas, plaas afhegrand van romp teen eerste geel ry van lyf.

Werk borsstuk in posisie vas, maak skouerbandjies met blou en werk vas. Werk blou kartelband rondom polse vas, bind 'n strik en werk voor aan mus vas.

GEBREIDE MOTORS

BENODIGDHEDE: Nortex Fantasy-dubbelbreigaring, (100-g-uittrekstringe), in gekose kleure bv. rooi, geel, groen, ens.; paar elk breinaalde van 3 mm en 5,50 mm; wasbare vulsel; rooi en swart borduur-garing; borduurnaald.

MATE EN SPANNING: 24 ste en 39 rye = 10 x 10 cm oor ks met 3-mm-breinaalde; die klein motor sal ongeveer 10 cm lank wees; met breinaalde van 5,50 mm 16 ste en 22 rye = 10 x 10 cm; die groot motor sal ongeveer 16 cm lank wees.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); tes - tesame; vermin - verminder (deur twee steke tesame te brei); vermeer - vermeerder (deur twee keer in dieselfde steek te brei); ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); rs - reksteek (elke ry regs); RK - regte kant; VK

- verkeerde kant; weersk - weerskante; beg - begin; rg - regsgewys; vlg - volgende.

KLEIN MOTOR

AANWYSINGS: Hoofdeel: Beg aan agterkant van motor. Met 3-mm-breinaalde en rooi stel 8 ste op en brei soos volg:

1e (vermeer) ry: Vermeer rg in elke st — 16 ste.

Beg met 'n aw-ry en brei 29 rye ks.

Knip rooi af, heg swart vas en brei 4 rye ks om verkoeler te vorm.

Vlg (vermin) ry: *r2tes; herh van * tot einde — 8 ste.

Knip garing af maar laat 'n lang stuk en ryg dit deur oorbl ste, trek goed vas en werk af. Werk naat aan onderkant van motor toe, laat opstelrand oop. Stop goed op, ryg daarna opstelrand in, trek goed vas en werk af. Borduur met wit 5 lang vertikale strepe oor voorkant van verkoeler.

Strook vir buffer: Met 3-mm-breinaalde en swart, stel 58 ste op en heg weer af, werk kort kante van strook aan mekaar, werk rondom hoofdeel van motor, dig by onderste rand vas.

Wiele (5): Met 3-mm-breinaalde en geel stel 4 ste op en brei só voort:

1e (vermeer) ry: Vermeer rg in elke st — 8 ste; r 1 ry.

2e (vermeer) ry: Vermeer rg in elke st — 16 ste; r 2 rye, maar r 3 rye wanneer mus gebrei word.

Heg lossies af, werk daarna ry-eindes van wiele aan mekaar om 'n ring te vorm en borduur 'n paar swart steke in middel van elke wiel. Werk 4 wiele aan motor vas (raadpleeg foto) en laat 5e wiel eenkant tot later.

BESTUURDER: Beg aan onderkant van lyf, met 3-mm-breinaalde en groen, stel 10 ste op, beg met 'n r-ry, brei 6 rye ks.

Knip groen af en heg wit vas om kop te brei; brei 6 rye ks.

Knip wit af en heg bruin vas om hare te brei; brei 2 rye ks.

Vlg (vermin) ry: *r2tes; herh van * tot einde — 5 ste.

Knip garing af maar laat 'n lang stuk, ryg dit deur oorbl ste en trek goed vas. Werk af. Werk middelagternaat toe, maar laat opstelrand oop.

Stop op en bind 'n garingdraad stewig om nek vas. Vleg 6 bruin drade van 8 cm lank — 12 bruin drade van 13 cm vir groter meisie — en werk vlegsels aan kop vas om weerskante af te hang. (Vlegsels is natuurlik nie nodig vir 'n seuntjie nie.)

Borduur 2 swart stekies vir oë en 'n rooie vir mond. Brei 'n mus, net soos wiele gebrei is, maar met rooi. Werk toe en borduur 'n paar steke met geel bo-op mus om 'n soort bobbel te vorm.

Arms (2): Met 3-mm-breinaalde en groen stel 8 ste op en beg met 'n r-ry, brei 2 rye ks.

Heg af, werk dan opstel- en afhegrande oorhands aan mekaar. Maak lang wit borduursteke om groen volkome te bedek en handjies voor te stel. Werk arms aan weersk van lyf vas.

HALSDOEK: Met 3-mm-breinaalde en pienk stel 26 ste op. Heg weer af, plaas halsdoek rondom hals en werk vas.

Werk onderkant van lyf in middel aan bokant van karretjie vas, 4 cm vanaf verkoelerrooster — lees hier 8 cm wanneer groter motortjie gebrei word.

Stuurwiel: Met 3-mm-breinaalde en swart stel 7 ste op.

1e ry: Vermeer rg in elke st — 14 ste. Heg lossies af, werk ry-eindes aan mekaar om 'n ring te vorm.

Borduur 'n kruis in middel van wiel met wit en plaas wiel voor bestuurder, werk aan voorkant van lyf aan motor vas, werk daarna handjies aan weersk van stuurwiel vas.

Bestuurder se sitplek: Met 3-mm-breinaalde en rooi stel 30 ste op en brei 4 rye rs. Heg af, werk ry-eindes aan mekaar om middelagterste naat te vorm. Speld opstelrand aan bokant van motor rondom bestuurder vas soos op foto, werk vas. Werk stuurwiel aan omranding vas waar die twee mekaar raak, en werk noodwiel aan agterkant vas.

Kopligte (2): Met 3-mm-breinaalde en wit stel 8 ste op. Heg in vlg ry lossies af, werk kort kante van strokie aan mekaar en werk aan weerskante van verkoelerrooster aan motor vas.

Nommerplate (1 wit en 1 geel): Met 3-mm-breinaalde stel 6 ste op en r 2 rye. Heg af, en met 'n swart stuk garing borduur G-1 op meisie se nommerplaat en B-1 op seun s'n.

GROOT MOTOR: Soos klein motor, maar let op verskille, gebruik garing dubbel en 5,50-mm-breinaalde.

Dragtige naels

COMBIN K

Dis maklik met Combin K!

COMBIN K is nie 'n verharder of naellak wat net 'n nael wat te kort skiet van buite versterk nie.

COMBIN K tablette werk van binne jou liggaam om die noodsaaklike biochemiese weefseloute te voorsien wat jou stelsel nodig het om self gesonde naels op te bou.

Na net 'n paar weke sal jy sien hoe Combin K voordelig vir jou werk wanneer die krake en riwe naby die wortels van jou naels begin verdwyn. Kry vandag nog jou Combin K. Bekombaar by alle gesondheidswinkels en apteke.